

Vuk'uzenzele


**JOBS
INSIDE:**

Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| August 2018 Edition |

IMbokodo



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews



Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353



Help vroulike boere om te floreer

DIE PROJEK het meer vroue in staat gestel om aan projekte in hul gemeenskappe deel te neem terwyl hulle hul kennis opbou en 'n pad uit armoede uitstippel.



Een van die maniere waarop die aanpassingsfonds vroulike boere help, is deur hulle aan te moedig om klimaatsgeharde gewasse te kweek.

Dale Hes

Die kans dat klimaatsverandering boerdeermethodes van landelike, vroulike boere in die uMgungundlovu distriksmunisipaliteit in KwaZulu-Natal gaan verander, is uiter skraal, te danke aan 'n projek

wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI) en die Universiteit van KwaZulu-Natal in werking gestel is.

Die R102 miljoen uMngeni Resilience-projek, wat onder die Aanpassingsfonds val, het ten doel om gemeenskappe te help om klimaatsverande-

ring te hanteer. Die projek het die manier verander waarop hierdie vroue hulle aktiwiteitte uitvoer, deur die gebruik van klimaatsgeharde gewasse, organiese bemesting en nuwe ploegmetodes.

Matu Gwala het bystand ontvang van die uMngeni Resilience-projek nadat sy gesukkel het

om haar gewasse te kweek as gevolg van onvoorspelbare klimaatsgebeurtenisse soos swaar reën en droogte.

Sy sê dat die projek haar toelaat om meer klimaatsgeharde gewasse te kweek, te verkoop en daaruit wins te maak.

"Ek het R4 500 gemaak uit die mielies wat ek gekweek het uit die sade wat ek gekry het. Ek kon meubels vir my huis koop en het van die geld belê vir my kinders se skoolgeld," sê Gwala.

Nog 'n boer, Winnet Dhladhla, het voorheen 'n verkeerde aanplantingsmetode gebruik; sy het haar gewasse te naby aan mekaar geplant. Sy kon, nadat die probleem opgelos is, R1 500 wins maak uit haar aartappels en R1 750 uit die mielies wat sy gekweek het.

"Dit het my in staat gestel om my gesin te voer en ook om ekstra geld te maak," sê Dhladhla.

Daar is tans ongeveer 380 vroulike boere in die provinsie wat voordeel uit hierdie projek trek.

SANBI se strategiese toelaag-bestuurder, Michael Jennings, sê dat die projek ten doel het om die struikelblokke wat vroulike

boere in die gesig staar, aan te pak.

"Die projek neem in ag dat vroue gewoonlik nie bates besit of die geleentheid het om betekenisvol aan projekte deel te neem nie, as gevolg van eksklusiewe plaaslike instellings en sosiale norme. Dit het ten doel om vroue te bemagtig deur 'n benadering wat gefokus is op die betrekking, kapasiteitsontwikkeling en toegang tot markte," sê Jennings.

Die projek het meer vroue toegelaat om aan projekte in hulle gemeenskappe deel te neem, terwyl hulle kennis en kapasiteit opbou om hulle eie besluite te neem en hulle eie pad uit armoede uit te stippel. "Deel hiervan sluit in om hulle op te lei oor die organisasie en opstelling van koöperasies en hoe om sulke koöperasies te bestuur. Dit sluit ook die aanleer van slim klimaatspraktyke in, wat tot verhoogde produksie lei. Deur belegging in infrastruktuur soos gemeenskapstuine, besproeiingstunnels en ander toerusting, het die projek vroue bemagtig om hulpbronne en bates te besit," verduidelik Jennings. ■

New amphibious wheelchairs make beaches accessible to all

THE INNOVATIVE wheelchairs are "amphibious" in that they are able to move easily on sand and float on water.

South Africa is renowned for its spectacular coastlines, with our sunny beaches along the eastern and western shores being hailed as some of the best in the world.

Every year, thousands of tourists and locals flock to the seaside to play and create holiday memories with family, but not much thought is given to the unique challenges faced by the disabled in enjoying time at the beach.

Taking this into account, the Wildlife and Environment Society of South Africa (WESSA), together with the Ford Motor Company Fund, has donated "amphibious wheelchairs" to Blue Flag beaches in four coastal municipalities in South Africa. The chairs will make beaches universally accessible to those with disabilities and create awareness around spaces becoming more accessible to all.

The innovative wheelchairs are "amphibious" in that they are able to move easily on sand and enter and float on water, said WESSA National Coastal Coordinator Robert Slater.

WESSA implements the international Blue Flag programme in South Africa which ensures beaches meet global standards of safety, cleanliness, access to amenities and environmental management, among other

criteria.

The City of Cape Town, Overstrand, Bitou and Kouga municipalities were awarded the chairs based on their existing disabled access to beaches and their commitment to making their Blue Flag beaches usable for all people. The chairs will be freely available for disabled beachgoers to use at Blue Flag beaches to be determined by the recipient municipalities.

Director for Education and Global Community Development at the Ford Motor Company Fund Mike Schmidt said, "This is yet another example of how mobility can improve the quality of life for people in many different ways. We're happy to support this unique project that will allow more people to fully experience the joys of the beach - from traveling along the sandy shores to going into the water." ■

Geen kind agtergelaat nie



Twee toegewyde vroue doen alles in hul vermoë om 'n skool op te bou wat in leierskap en tegnologie spesialiseer. Dit voorsien gespesialiseerde privaat onderrig wat op die insluiting van kinders met autisme en AGHS fokus.

Matona Fatman

Toe Yanela Ntlauzana vroeër dié jaar die VK verlaat het en teruggekeer het na Suid-Afrika, was sy vasbeslote om nie terug te gaan nie.

"As ek sou teruggegaan, sou ek misluk het," sê Ntlauzana.

Die 37-jarige het 'n vaste salaris en haar twee seuns, nege en 14 jaar oud, agtergelaat om haar lewenslange droom te verwesenlik om 'n skool oop te maak wat sal verseker dat elke kind 'n gelyke geleentheid in die lewe kry om die beste persoonlike onderrig te ontvang.

Vir Ntlauzana, 'n spesialis en opleier in ACAE (voorspraak vir autisme en verwante toestande), is mislukking nie 'n opsie nie.

Sy doen alles in haar vermoë om die Plumfield Spesialisskool te laat werk. Die skool is teen die rustige hange van Chartwell in Gauteng geleë.

Die visie vir Plumfield, alhoewel dit spruit uit pragtige ideale,

is geen geringe taak nie, selfs vir Ntlauzana en haar medestigter, Hlumela Sixishe, wat self 'n Goliat van persoonlike onderrig is.

Dié twee bou van nuuts af 'n doelgemaakte skool wat in

Hierdie is dieselfde kinders wat verwerp word as 'onopleibaar', wat hulle basiese reg op kwaliteit onderrig en 'n gelyke geleentheid om in die lewe te floreer, ontneem word.

leierskap en tegnologie spesialiseer. Dit verskil hemelsbreed van sy eweknieë met goeie hulpbronne wat gespesialiseerde privaat onderrig verskaf, aangesien dit fokus op die insluiting van kinders met autisme en aandagsgebrek-hiperaktiwiteitsindroom (AGHS).

Hierdie is dieselfde kinders wat verwerp word as 'onopleibaar', wat hulle basiese reg tot kwaliteit onderrig en 'n gelyke geleentheid om in die lewe te floreer, ontneem word.

Beide Ntlauzana en Sixishe verstaan dat 'n diagnostiese van autisme of AGHS nie die 'geen terug-

'keer'-vonnis is wat die hoofstroom aan ouers verkondig om te glo nie. Dit beteken eenvoudig dat die onderrig-en-leeromgewing anders, individueel, moet reageer om aan die kind wat in die kern van alles staan, die geleentheid te bied om te ontdek hoe slim, bekwaam en intelligent hulle is, met die unieke vermoë om tot die gemeenskap by te dra.

Die skool se kernkurrikulum is vrye kunste. Kodering is ook deel van die kurrikulum, met studente wat fundamentele programmeringskonsepte leer met 'n Lego-agtige taal, wat vorder na JavaScript en Python.

Die potensiaal van 'n kind met autisme

Beide Ntlauzana se seuns is outisties, so sy weet baie goed wat die potensiaal van outistiese kinders is. Dit is waarom sy haar lewe daaraan wy om 'n sukses van Plumfield te maak; 'n droom waarvoor sy en Sixishe dag en nag werk.

Ntlauzana werk om by die punt te kom waar haar twee seuns by haar kan aansluit en leerlinge van Plumfield kan word.

Die sorg wat haar seuns in die publieke stelsel in die VK kry, is wat haar aandryf om dieselfde vir outistiese kinders in Suid-Afrika te wil hê.


Sixishe is net so passievol soos Ntlauzana ten opsigte van die verskaffing van geleenthede en hulpbronne aan kinders. Hulle is onwrikbaar in hulle siening dat kinders gelyke geleenthede moet ontvang. Hulle oogmerk is

om die uiteindelike doelwit van onderwys te verander.

Plumfield word op hierdie stadium nie befonds nie en Sixishe en Ntlauzana trek nie salaris nie. Hulle verbintenis tot bekostigbare, kwaliteit onderrig is wat hulle aandryf. Hulle hoop om eendag die Departement van Basiese Onderwys sover te kry om outistiese leerders te subsidieer sodat hulle onderrig by Plumfield kan ontvang.

Sixishe en Ntlauzana is nie bang om groot te droom en selfs groter uitvoering daaraan te gee nie. Hulle beplan om hulle ongewone skooltjie in die vreedsame hoekie van Chartwell te ontwikkel om later 'n koshuis te hê. Ntlauzana en Sixishe het

tot dusver daarin geslaag om te toon dat enigiets met die regte ingesteldheid en streng voorneme, moontlik is. Selfs 'n gespesialiseerde skool genaamd Plumfield.



■ Yanela Ntlauzana.

Wat is autisme?

Outisme-spektrumversteuring is 'n komplekse ontwikkelingsgestremdheid wat tipies ná die eerste drie lewensjare verskyn en 'n persoon se vermoë om met ander te kommunikeer en in interaksie te tree, beïnvloed.

Simptome van autisme

- Tekort aan of vertraagde gesproke taal.
- Herhalende gedrag of senusametrekings, soos hande wapper.
- Tekort aan oogkontak.
- Tekort aan belangstelling in gesinslede of vriende.
- Tekort aan verbeeldingspel.
- Beheptheid met spesifieke voorwerpe of dele van voorwerpe.

Nota aan ouers: Hou altyd tred met jou kind se ontwikkelingsmylpale sodat jou kind vroeg hulp kan kry as daar probleme is.



■ Hlumela Sixishe.